# Openbaring 17

Bybelstudie 14

1

| 211: Samuel se oudste seun was | | | |
|---|---|---|---|
| Hosea | Jonatan | Abia | Joël |

| 212: Hoeveel broers het Dawid gehad? | | | |
|---|---|---|---|
| 3 | 5 | 7 | 9 |

| 213: Hy het die ark voor Dawid gedra | | | |
|---|---|---|---|
| Haggai | Abjatar | Doëg | Simei |

| 214: Watter boek begin met die woorde: "Toe koning Dawid oud en ver op sy dae was…? | | | |
|---|---|---|---|
| 2 Samuel | 1 Konings | 2 Konings | 1 Kronieke |

| 215: In watter tydperk het die profeet Sagaria opgetree? | | | |
|---|---|---|---|
| Salomo | Hiskia | Voor die Assiriese ballingskap | Na die Babiloniese ballingskap |

| 216: Waar het die Benjaminiete meisies as hulle vroue weggedra terwyl hulle gedans het? | | | |
|---|---|---|---|
| Bet-El | Sigem | Libanon | Silo |

| 217: In Openbaring, hoevaal maande het die skerpioene die ongelowiges laat ly? | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | 3 | 4 | 5 |

2

| 211: Samuel se oudste seun was | | | |
|---|---|---|---|
| Hosea | Jonatan | Abia | D: 1 Samuel 8:2 |

| 212: Hoeveel broers het Dawid gehad? | | | |
|---|---|---|---|
| 3 | 5 | C: 1 Samuel 16:10 | 9 |

| 213: Hy het die ark voor Dawid gedra | | | |
|---|---|---|---|
| Haggai | B: 1 Konings 2:26 | Doëg | Simei |

| 214: Watter boek begin met die woorde: "Toe koning Dawid oud en ver op sy dae was…? | | | |
|---|---|---|---|
| 2 Samuel | B: 1 Konings | 2 Konings | 1 Kronieke |

| 215: In watter tydperk het die profeet Sagaria opgetree? | | | |
|---|---|---|---|
| Salomo | Hiskia | Voor die Assiriese ballingskap | Na die E D: Sagaria 1:1 llingskap |

| 216: Waar het die Benjaminiete meisies as hulle vroue weggedra terwyl hulle gedans het? | | | |
|---|---|---|---|
| Bet-El | Sigem | Libanon | D: Rigters 21:21 |

| 217: In Openbaring, hoevaal maande het die skerpioene die ongelowiges laat ly? | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | 3 | 4 | D: Openbaring 9:10 |

3

1. Hoe skakel hierdie gedeelte in by die vorige hoofstuk?

**Openbaring 17:17** Die sewende engel het toe sy bak in die lug uitgegooi. Van die
troon in die tempel af het daar 'n stem hard uitgeroep: "Dit is verby!"
18 Toe het daar weerligstrale, dreunings en donderslae gekom. Daar was ook
'n groot aardbewing soos daar nog nie was vandat die mens op die aarde
gekom het nie, so 'n geweldige groot aardbewing was dit. 19 Die groot stad
het in drie dele geskeur, en die stede van die nasies het inmekaargestort.
God het ook nie vergeet om vir die grote Babilon die beker met die wyn van
sy gloeiende toorn te gee nie. 20 Al die eilande het verdwyn, en berge was
daar ook nie meer nie. 21 Groot haelstene, elkeen omtrent vyftig kilogram
swaar, het van die hemel af op die mense geval. En die mense het God
gelaster oor die plaag van die hael, omdat die plaag verskriklik groot was.

Nou: vernietiging van die stad!

4

## 2. Watter dier word hier beskryf?

Daar het ek 'n vrou gesien wat op 'n helderrooi dier sit. Die dier was oortrek met godslasterlike name en het sewe koppe en tien horings gehad

Openbaring 13:1: En toe het ek 'n dier uit die see uit sien kom met tien horings en sewe koppe. Op sy horings was daar tien heerserskrone en op sy koppe godslasterlike name.

Dus: 2e persoon van die onheilige drie-tal. Die Antichris

## 3. Wat beteken dit dat die vrou op die dier SIT?

Sit soos op 'n perd sit. Stuur dus die dier waar hy moet heen gaan.

5

## 4. Wat beeld hierdie vrou se klere uit?

Die vrou was uitgedos in pers en helderrooi klere en opgetooi met goud, edelstene en pêrels. – Dus: die beste van die beste.

## 5. Wat is die verskille in die twee vertalings oor die naam van hierdie vrou?

Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.

Die naam was: "Groot Babilon, die moeder van die sedeloses en van die losbandigheid op die aarde.

En op haar voorkop was 'n naam geskryf, 'n misterie: "Babilon die Grote, die moeder van die prostitute en van al die afskuwelikhede van die aarde.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 και | επι | το | μετωπον | αυτης | ονομα | γεγραμμενον | μυστηριον | βαβυλων | η |
| en | op | die | voorkop | van-haar | naam | is-geskryf | misterie | babilon | die |
| μεγαλη | η | μητηρ | των | πορνων | και | των | βδελυγματων | της | γης |
| grote | die | moeder | van-die | hoere | en | van-die | gruwels | van-die | aarde |

Grieks letterlik: en op die voorkop van-haar naam is-geskryf misterie Babilon

6

6. Wie is almal op die moordlys van hierdie vrou?

[6] En ek het gesien dat die vrou dronk is van die bloed van die gelowiges, van die bloed van die mense wat vir Jesus getuig het.

7. Wat beteken die "was eers en is nie nou nie"?

Het in die verlede betekenis en invloed gehad, maar het geen betekenis op hierdie oomblik nie.

8. Wat beteken die "onderaardse diepte"?

Die verste plek van God af. Hel. Bodemlose put.

9. Waarom is die uitverkorenes nie verwonderd as hulle die dier sien nie?

Hulle weet hoe hy lyk en wat hy doen. God het hulle gewaarsku.

7

10. Wat wil Johannes eintlik in verse 10 en 11 sê?

Die eerste vyf het geval. Die sesde is nou hier. Die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort rukkie bly. Die dier wat eers was en nie nou is nie, is self die agste. Hy hoort by die sewe en gaan na die verderf toe.

Lees baie mooi! As daar staan dat die "7" – dat dit berge en konings is – dat hier simbolies gepraat word. Dit gaan oor die herhaling van aanslae teen die kerk, en dat die kerk steeds bestaan.
Nie een aansal is sonder einde nie.
Verder: die uiteinde van enige mag teen God sal uiteindelik vernietig word.

11. Wat is die doel wat die konings voor oë het?

Hulle het een en dieselfde doel voor oë, en hulle stel hulle mag en gesag tot die dier se beskikking. [14] Hulle sal teen die Lam oorlog voer, maar die Lam en saam met Hom dié wat geroep en uitverkies en getrou is, sal hulle oorwin, omdat Hy die Here van die heersers en die Koning van die konings is.”

8

## 12. Van watter water is hier sprake?

Verder het hy vir my gesê: "Die waters wat jy gesien het waar die sedelose vrou bly, is volke en stamme, nasies en tale.

Hier: waar die sedelose vrou bly. As hier gesê word dat dit volke, stamme en nasies is, is die water die mense wat aan haar onderdanig is, en doen wat sy sê hulle moet doen.

## 13. Wie is die tien horings wat die vrou sal haat?

[12] "Die tien horings wat jy gesien het, is tien konings. Hulle het nog nie die koningskap gekry nie, maar hulle kry saam met die dier een uur lank gesag as konings. [13] Hulle het een en dieselfde doel voor oë, en hulle stel hulle mag en gesag tot die dier se beskikking.

## 14. Waarom sal hulle haar haat?

Hulle besef sy het hulle misbruik. Hulle besef dat hulle einde die verderf is en dat daar vir hulle geen verlossing is nie. Die verdoemenis is hulle einde.

9

## 15. Hoe toon hulle hulle haat en wat beteken dit?

[16] "Die tien horings wat jy gesien het, en die dier, hulle sal die sedelose vrou haat en haar kaal en verlate maak. Hulle sal haar vleis opeet en haar met vuur verbrand.

Haat – emosie
Kaal – sonder verdediging / beskerming. Vernedering.
Vleis opeet – wraak
Verbrand – totale vernietiging

## 16. Wat is die troos-boodskap van hierdie gedeelte?

Ons weet dat die duiwel – en al sy magte – in die finale oordeel totaal buite sy aanslag.
Die oordeel van God is so finaal, maar hy gebruik die duiwel se eie trawante teen hom.

10